


# 'n Werkgids

Cecilia Steyn

**Nota: Hierdie gids is gratis en mag na goeddunke gekopieer en gebruik word.**

# Inhoud

Inleiding ........................................................................ 4

Eienskappe van 'n boekomslag ................................................ 5

Hoofstuk 1 ........................................................................ 7

Hoofstuk 2 ........................................................................ 9

Hoofstuk 3 ........................................................................ 11

Hoofstuk 4 ........................................................................ 14

Hoofstuk 5 ........................................................................ 16

Hoofstuk 6 ........................................................................ 18

Hoofstuk 7 ........................................................................ 20

Hoofstuk 8 ........................................................................ 23

Hoofstuk 9 ........................................................................ 26

Hoofstuk 10 ...................................................................... 28

Hoofstuk 11 ...................................................................... 30

Hoofstuk 12 ...................................................................... 33

Hoofstuk 13 ...................................................................... 35

Hoofstuk 14 ...................................................................... 37

Antwoorde vir inhoudelike vrae ............................................. 39

Bedanking ........................................................................ 48

# Inleiding

Die Vinnigste skoene in die hele wêreld is gemik daarop om kinders tussen die ouderdom van ses tot nege aan die lees te kry deur ŉ opwindende storie, kort hoofstukke en sinne wat maklik lees. Die boek se lewendige illustrasies en multimodale teks dra by tot die genot van die leser.

Die doel van hierdie gids is om te verseker dat die kind die volgende kan doen:

- Verstaan wat hulle lees en hoor.
- Kontroleer of die teks vir hulle sinvol is, deur die vrae te beantwoord.
- Die betekenis van woorde in konteks verstaan en kan verduidelik.
- Afleidings van karakters se gevoelens, gedagtes en motiewe kan maak.
- Sin maak van oorsaak en gevolg.
- Karakters kan identifiseer.

Vir elke hoofstuk in die boek is daar inhoudelike vrae, idees vir besprekings, skryfaktiwiteite, taalaktiwiteite, pretaktiwiteite en woordeskatontwikkeling wat verseker dat die gids aan die volgende behoeftes voldoen:

- Luister en praat
- Lees en kyk
- Skryf en aanbied
- Taalstrukture en -konvensies.


# Eienskappe van 'n boekomslag

Om 'n boek van 'n rak af te haal en daarna te kyk is soos om iemand vir die eerste keer te ontmoet. Dit laat die leser besluit of hy van die boek sal hou of nie. Die voorblad is eintlik al die eerste bladsy van die storie!

**Daarom is dit belangrik dat:**

- Die boek 'n interessante titel het.
- Dit die potensiële leser se aandag op die boek vestig. Wat laat jou stop en kyk?
- Dit moet op 'n emosionele vlak met die leser kommunikeer, wat laat dit jou voel?
- Dit moet uniek wees.
- Dit moet 'n duidelike idee gee waaroor die boek dalk mag gaan.

**Die boek se omslag word opgedeel in die volgende:**



**Kyk ondersoekend na die omslag van hierdie boek en beantwoord die volgende vrae in jou werkboek:**

1. Wat is die titel van hierdie boek.
2. Maak die voorblad jou nuuskierig?
3. Is die seun op die voorblad bly, bang of kwaad?

Blaai na die eerste twee bladsye en beantwoord die volgende twee vrae:

4. Wie is die skrywer?
5. Wie is die illustreerder?

# Hoofstuk 1: Vyande

**LEES die hoofstuk en BEANTWOORD die volgende vrae in jou werkboek:**

1. Wat is die hoofkarakter se naam?
2. Hoe weet ons hierdie persoon is die hoofkarakter?
3. Is Natalie en Wynand vriende?
4. Hoekom sê jy so?
5. Wat wil Wynand baie graag doen?
6. Hoe lyk Natalie se tekkies?
7. Wat is hul juffrou se naam?
8. Hoe lyk die tekkies wat Wynand baie graag wil hê?
9. Wie is Kolonel?

**BESPREEK: Gee elke kind in die klas ’n beurt om te sê wat hulle met die vinnigste skoene in die hele wêreld sou maak.**

**SKRYF vyf sinne waarin jy die volgende woorde gebruik. Wees kreatief!**

1. Braaf
2. Speelgrond
3. Vinnigste
4. Lag

5. Rol

**Pas die woorde wat met mekaar RYM:**

| | |
|---|---|
| A. Wens | a. Gaaf |
| B. Fiks | b. Lens |
| C. Pyn | c. Bont |
| D. Braaf | d. Strik |
| E. Grond | e. Fyn |
| F. Hik | f. Wiks |

**WOORDESKAT:**

Leuen: Opsetlike onwaarheid; valsheid.

Resies: Wedloop om te kyk wie hardloop die vinnigste.

Fiks: Flink, rats, kragtig, goed afgerig.

Snoepie: ŉ Winkel op die skoolgrond wat lekkernye verkoop.

Braaf: Om moed te hê, geen vrees te ken nie of dapper te wees.

Oninteressant: Wanneer iets geen belangstelling wek nie, vervelig is.

Kunstenaar: Iemand wat skilder, beeldhou, ens.

**Soek die gedeelte in die teks waar die skrywer vir juffrou Hilda beskryf. Lees dit versigtig en maak nou 'N TEKENING van haar volgens die beskrywing. Jy kan ook iets byvoeg wat die skrywer nie genoem het nie**.

# Hoofstuk 2: Goed wat uit die lug val

**Voordat jy die hoofstuk lees, SKRYF drie dinge neer wat jy dink uit die lug kan val in die hoofstuk. Gebruik jou verbeelding!**

**LEES die hoofstuk en BEANTWOORD die volgende vrae in jou werkboek:**

1. Wie of wat het Wynand se tekkie-veters gekou?
2. Watse gereg eet Wynand en sy ma vir aandete?
3. Hoekom kan Wynand nie aan die slaap raak nie?
4. Wat doen Wynand toe hy nie aan die slaap kan raak nie?
5. Wat land langs Wynand op die tak?

**BESPREEK in die klas wat jy baie graag wil hê en hoekom.**

**Deel die volgende woorde in LETTERGREPE:**

a. Kaplaks
b. Veters
c. Fladder
d. Verlate
e. Asem

**WOORDESKAT:**

Konkoksie: Mengsel van verskillende bestanddele, brousel.

Moedeloos: Sonder moed, ontmoedig, neerslagtig.

Verduidelik: Duidelik maak, ophelder, verklaar.

Fladder: Vlieg maar nie eintlik kan wegkom nie.

Tref: 'n Gelukkige raakskoot.

**Kyk na die illustrasie vir hoofstuk twee. Maak nou jou eie ILLUSTRASIE vir hoofstuk twee!**

# Hoofstuk 3: Atletiekoefening in die maanlig

**EK WEET JY IS HAASTIG OM TE WEET WAT VOLGENDE IN DIE STORIE GEBEUR, MAAR MOET NOG NIE DIE HOOFSTUK LEES NIE!**

**Kyk eers gou na die illustrasie op bladsy 13.**

**BESPREEK nou die karakters se gesiguitdrukkings en lyftaal. Wat dink jy voel elkeen van die karakters?**

- Wynand
- Kolonel

**PHEW! Nou kan jy die hoofstuk LEES en die volgende vrae BEANTWOORD:**

1. Wat dink Wynand doen die tekkies toe hy dit aantrek?
2. Hoekom dink hy is dit ŉ goeie ding?
3. Wanneer gaan Wynand en Kolonel huis toe?
4. Sukkel Wynand om die skoene uit te trek?
5. Hoe weet ons dit?
6. Waar bêre Wynand die tekkies?

**SKRYF ʼn paragraaf waarin jy vir die juffrou vertel van die nuwe parkie in jou buurt. Hier is ʼn paar wenke: Was dit op ʼn spesifieke dag geopen? Hoeveel mense was daar? Was daar op daardie dag dalk stalletjies met eetgoed en lekker kos te koop? Was troeteldiere welkom? Wat was almal se gunsteling aktiwiteit? Waaraan kan jy nog dink?**

**Bepaal die WERKWOORDE in die volgende sinne:**

a. Ek sluip met die trappe af en glip by die voordeur uit.
b. Stertswaaiend kom Kolonel aangedraf.
c. Klimrame en swaaie vlieg verby.
d. Ek hardloop deur die hele parkie.
e. Ek pluk vinnig.
f. Iewers in die huis hoor ek ʼn geraas.

**WOORDESKAT:**

Branderplankryer: Iemand wat die watersport beoefen waar daar met ʼn spesiale bord op branders in die see gery word.

Sowaar: Sekerlik, werklik.

Stewig: Ferm, sterk, styf vas, kragtig.

Sole: Loopvlak van jou voet. Onderkant van skoene.

Rondomtalie: Mallemeule waarop 'n mens om en om beweeg.

**TEKEN ’n plan van ’n parkie waar Wynand met sy vinnigste skoene lekker sal kan hardloop.**

**Onthou om die volgende op die plan te teken: Glyplank, rondomtalie, wipplank, sandput, swaaie. Waaraan kan jy nog dink? Gebruik jou verbeelding!**

# Hoofstuk 4: Deurmekaarkop

**LEES die hoofstuk en BEANTWOORD die volgende vrae in jou werkboek:**

1. Hoekom lyk dit of ’n orkaan Wynand-hulle se kombuis getref het?
2. Hoekom dink Wynand sy ma is nie oukei nie?
3. Wat is groot nuus op die oorsese nuuskanaal?
4. Wat moet Wynand vir ontbyt eet?
5. Hoekom dink Wynand gaan hy groot pret hê?

**BESPREEK wat julle dink die Louvre-museum in Parys is. KYK as klas saam aanlyn na foto’s daarvan.**

**Bepaal die BYWOORDE in die volgende sinne:**

a. By die skool groet ek my ma haastig.
b. Dan sit my ma die klank sagter.
c. “Ja!” sê sy harder as wat sy moet.

**WOORDESKAT:**

Kragprop: Elektriese prop.

Breekware: Porseleinware, glasware, breekgoed. Borde, bekers, glase, ens.)

Polisieband: ʼn plastiese band waarmee ʼn misdaadtoneel afgebaken word deur die polisie.

Leidrade: Iets wat tot opklaring van 'n geheim lei; ʼn hulpmiddel.

Ontleed: Noukeurig ondersoek of analiseer.

**SKRYF ʼn paragraaf waarin jy die toneel op bladsy 18 in jou eie woorde beskryf. Maak seker jy laat jou juffrou lekker lag. Hier is woorde wat jy kan gebruik om dit interessant te maak: oral, gesaai, chaoties, woes, erg**.

**TEKEN jou eie weergawe van die Mona Lisa!**

# Hoofstuk 5: Geritsel in my tas

**LEES die hoofstuk en BEANTWOORD die volgende vrae in jou werkboek:**

1. Hoekom dink Wynand iemand bak hom ŉ poets?
2. Hoeveel keer kom die woord ***Grrts!*** In die hoofstuk voor?
3. Is daar iemand agter Wynand toe hy omdraai?
4. Watter woord in die hoofstuk rym met hande?
5. Hoekom moet Wynand by die badkamer kom?

**BESPREEK in die klas of jy al vir iemand ŉ poets gebak het? Vertel vir die klas daarvan. Is dit goed om iemand ŉ poets te bak?**

**Bepaal die SELFSTANDIGE NAAMWOORDE in die volgende sinne:**

a. Ander kinders staan op die stoep rond.
b. Ek verstel die bande en skuif die rugsak reg.
c. Net toe voel ek weer ŉ pluk.

**WOORDESKAT:**

Geritsel: Sagte geruis, hoorbaar kraak.

Poets: Onaangename grap.

Verbeelding: Voorstelling in jou gedagtes.

**Dink ’n KLETSRYM uit met die woord grrts! Voer dit voor die klas op.**

# Hoofstuk 6: Vet pret

**LEES die hoofstuk en BEANTWOORD die volgende vrae in jou werkboek:**

1. Hoekom voel Wynand soos ŉ ballon wat afgeblaas het?
2. Wie is die twee seuns wat saam met Wynand hardloop?
3. Sê in jou eie woorde wat jy dink dit beteken om 'snuf in die neus' te kry?
4. Hoekom dink jy noem Natalie vir Wynand ŉ loser?
5. Waar spreek Wynand en Natalie af om mekaar te kry?

**BESPREEK in die klas of julle dink Wynand bietjie verwaand is in die hoofstuk?**

**Is dit goed om so selfversekerd te wees?**

**SKRYF die volgende woorde in die korrekte orde neer om sinne te vorm:**

a. wag, Ek, nie, nie, kan
b. by, nie, skool, is, vandag, Natalie, nie
c. soos, Ek, wind, die, vlieg
d. vat, moet, Ek, sal, stadiger, dit

**Gee die MEERVOUDE van:**

a. speelgrond
b. ballon
c. stem
d. neus
e. kuif

**WOORDESKAT:**

Wed: Uitdaag om die teendeel van 'n bewering te bewys deur 'n prys daarop te stel.

Herken: Onderskei, die identiteit van iemand vasstel.

**MAAK 'n prent van die vinnigste tekkies in die hele wêreld met alledaagse items wat jy in die huis het. Byvoorbeeld: Foelie. Veters. Verf. Waaraan kan jy nog dink?**

# Hoofstuk 7: Skoene sonder brieke beteken moeilikheid

**Sonder om die hoofstuk te lees, BESPREEK wat julle dink die hoofstuktitel beteken.**

**LEES die hoofstuk en BEANTWOORD die volgende vrae in jou werkboek:**

1. Waar sê Natalie was sy die oggend?
2. Hoe lyk Natalie se oë toe Wynand verby haar hardloop?
3. Kan Wynand ophou hardloop?
4. Verduidelik hoekom jy so sê.
5. Het Wynand vir Natalie gewen?
6. Is meneer Kok kwaad vir Wynand?
7. Hoekom sê jy so?
8. Gee die hoofstuk 'n ander naam.

**In jou eie woorde, SOM die gebeure in die hoofstuk in een paragraaf op. Onthou om dit in die regte volgorde te vertel.**

**In hierdie hoofstuk is daar baie UITROEPE. Vluglees weer die hoofstuk en NOEM twee.**

**WOORDESKAT:**

Sweeftuig: Motorlose vliegtuig waarmee mens deur die lug sweef.

Bedding: Grondbodem waarop blomme geplant is. Tuin.

Balanseer: Nie omval nie. In ewewig hou; jou in ewewig hou; in ewewig bly.

Petunia: Tipe blom.


Staar: Vaskyk op een plek.

Inpalm: Iets bekom. Joune maak.

**Blaai om. Kopieer hierdie bladsy en deel dit aan die leerders uit om in hul werkboeke te plak. VINNIG HARDLOOP!**

# Wen vir Natalie!

# Begin in die middel en kom eerste uit die doolhof!



# Hoofstuk 8: Sekuriteit

**LEES die hoofstuk en BEANTWOORD die volgende vrae in jou werkboek:**

1. Laat Wynand sy ma skrik?
2. Hoekom sê jy so?
3. Waar sit Wynand en sy ma?
4. Wat eet hulle vir aandete?
5. As jy moet raai, waarna dink jy soek Wynand se ma?

**BESPREEK: Wynand vertel nie vir sy ma die volle waarheid nie. Dink jy dis verkeerd van hom? Is dit ook 'n leuen wanneer mens inligting van iemand weerhou?**

**Plaas die volgende woorde uit die hoofstuk in ALFABETIESE VOLGORDE:**

a. Soek
b. Ateljee
c. Glo
d. Waardevolle
e. Tafel
f. Begin
g. Opskerp

**SKRYF die brief wat Wynand vir sy ma moet gee in meneer Kok se woorde. Kyk of jy dit lekker grapperig kan maak.**

**WOORDESKAT:**

Vergadering: Byeenkoms van mense.

Skildery: Skilderstuk van iets.

Boeglam: Jouself lam skrik, geweldig groot skrik.

Kwekery: Besigheid waar plante verkoop word.

**Blaai om. Kopieer hierdie bladsy en deel dit aan die leerders uit om in hul werkboeke te plak. LEKKER SOEK!**

# SOEK DIE WOORDE

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| P | L | S | W | B | Z | Z | S | K |
| K | O | S | N | H | R | L | P | E |
| N | H | O | I | O | E | O | A | O |
| X | E | C | L | U | R | W | M | D |
| U | V | K | T | D | S | F | T | Z |
| O | N | E | E | I | R | O | R | L |
| C | L | X | Z | T | J | A | E | U |
| V | I | N | N | I | G | N | H | K |
| F | E | I | R | B | E | S | E | L |

**BRIEF** **FRONS** **VINNIG** **SLEUTEL** **TEKEN**

**BROM** **HARDLOOP** **DOEK** **SOEK** **ESEL**

# Hoofstuk 9: Vlieg soos die wind

**LEES die hoofstuk en BEANTWOORD die volgende vrae in jou werkboek:**

1. Hoe gereeld oefen Wynand en Kolonel?
2. Soek Wynand se ma steeds na iets?
3. Verduidelik jou antwoord?
4. Wat kan Wynand al om sy nek voel?
5. Soos wat spoed Wynand oor die speelgrond?

**BESPREEK of julle dink dit veilig is vir Wynand om so alleen in die nag buite rond te hardloop? Verduidelik jou antwoord.**

**SKRYF vir Wynand ’n briefie wat hy in sy kamer kan los met ’n belaglike leuen oor waar hy is, vir ingeval sy ma na hom soek. Geniet dit, maar onthou ons mag nie regtig leuens vertel nie!**

**Pas die Afrikaanse woord met die Engelse een wat DIESELFDE BETEKEN:**

| | |
|---|---|
| a. Nek | a. Fly |
| b. Hakke | b. Run |
| c. Vlieg | c. Search |
| d. Hardloop | d. Heals |
| e. Soek | e. Neck |
| f. Flits | f. Flash |

**WOORDESKAT:**

Tornado: Warrelstorm.

Ateljee: Werkkamer van 'n kunstenaar.

Afpyl: Vinnig na iets toe hardloop.

**BESOEK ’n parkie saam met jou juffrou en klasmaats. Neem ’n piekniekmandjie met lekkernye saam**.

# Hoofstuk 10: Mona Mia!

**LEES die hoofstuk en BEANTWOORD die volgende vrae in jou werkboek.**

1. Wat is vir Wynand snaaks toe hy op die stoep staan?
2. Wat hoor Wynand net voordat hy die trappe wil klim?
3. Wat sien Wynand toe hy die ateljee se deur oopstoot?

**BESPREEK hoe die hoofstuk jou laat voel? Bang, bly of verbaas.**

**Gee die VERKLEINWOORDE vir die volgende:**

a. Lig
b. Huis
c. Week
d. Doek
e. Deur

**WOORDESKAT:**

Bulderende: Donderende geluid maak; raas en lawaai.

Nuus: Berig oor iets wat kort gelede gebeur het.

Esel: ʼn Raam met drie pote waarop mens ʼn skilderdoek sit om te skilder.

**SKRYF ʼn dagboekinskrywing vir hierdie hoofstuk. Begin dit so:**

Liewe dagboek

Vandag het ...

**Skommel die letters in die onderstaande woorde om NUWE WOORDE te maak. Maak twee spanne en hou ʼn kompetisie in die klas om te kyk wie kan die meeste woorde kry.**

1. Soek
2. Haastig
3. Voordeur
4. Miskien
5. Ateljeedeur

# Hoofstuk 11: Dief en deurmekaarspul

**LEES die hoofstuk en BEANTWOORD die volgende vrae in jou werkboek:**

1. Hoekom word Wynand se knieë lam?
2. Wat dink Wynand doen Natalie se pa daar?
3. Hoe weet Wynand sy ma sal nie nee vir 'n antwoord vat nie?
4. Wat doen die tekkies toe Wynand dit naby sy ma se voete hou?
5. Dink jy Wynand se ma is 'n skurk?
6. Verduidelik jou antwoord.

**BESPREEK wat julle dink volgende in die boek gaan gebeur?**

**Gee die TRAPPE VAN VERGELYKING vir die volgende woorde:**

a. Swart
b. Lam
c. Bekend
d. Vas
e. Stom

**WOORDESKAT:**

Angstig: Benoud of besorgd wees

Skurk: Skelm, bedrieër, boosdoener

Geheime Agent: ŉ Verteenwoordiger van ŉ geheime firma

**SKRYF ŉ sin waarin jy twee van die woorde op die lys hierbo gebruik.**

**Blaai om. Kopieer die inkleurprent en deel dit aan die kinders uit. TEKEN die res van Nardus Naude se gesig.**



# Hoofstuk 12: Superheldin

**LEES die hoofstuk en BEANTWOORD die volgende vrae in jou werkboek:**

1. Hoekom dink Wynand is hy moeg?
2. Hoe lyk Wynand se ma vir hom?
3. Wat dra sy ma?
4. Waarna het Wynand se ma toe al die tyd gesoek?
5. Watse tekkies het Wynand toe eintlik die hele week gedra?
6. Wat noem Wynand se ma Natalie se pa?
7. Wie daag ook op?

**BESPREEK werklike superhelde en heldinne en hoe hulle ’n verskil in die wêreld maak of gemaak het. Voorbeeld: Moeder Theresa.**

**SKRYF ’n nuwe laaste sin vir hierdie hoofstuk.**

**WOORDESKAT:**

Ambisieus: Ywerig en wakker.

Glips: Fout, misstap.

Skilletjie: Die buitenste laag van iets. Omkleedsel.

Spyt: Berou hê. Jammer wees.

**Hou ’n DINKSKRUM en dink idees uit oor hoe die klas ook helde en heldinne kan wees.**

**Hier is ’n paar idees:**

- Samel kos of klere in vir minder bevoorregtes.
- Besoek ’n ouetehuis.
- Gaan werk in ’n sopkombuis vir een middag.
- Gaan help by ’n diereskuiling.

# Hoofstuk 13: Superskurke

**BESPREEK gou in die klas wat julle dink volgende gaan gebeur. Moet nog nie die hoofstuk lees nie!**

**LEES die hoofstuk en BEANTWOORD die volgende vrae in jou werkboek:**

1. Wat vermoed Wynand het Natalie met hom gedoen?
2. Wat is Natalie se ma se naam?
3. Is Wynand en sy ma in gevaar?
4. Hoekom sê jy so?
5. Hoekom wil die Naude's Wynand se ma ontvoer?
6. Het Wynand se ma 'n plan?
7. Verduidelik jou antwoord.
8. Wie red vir Wynand?
9. Hoe doen hy dit?
10. Waarnatoe hardloop Wynand?
11. Hoekom?

**Wynand sê hy gaan sy ma se vreemde disse mis. SKRYF 'n paragraaf en verduidelik wat jy van jou ma sal mis as sy nie by die huis is nie.**

**Vul die regte VOORNAAMWOORDE in:**

1. Ek kyk hoe ___ ma spartel om los te kom.
2. Sy gee ’n onaardse laggie en ____ oë blink.
3. ___ wurm so saggies as wat ek kan nader aan my ma.
4. En toe ek weer sien, hardloop ___ oor ’n hele kontinent!
5. Ek hang die skildery blitsvinnig op ___ plek.

**WOORDESKAT:**

Orent: Regop kom.

Stewig: Ferm, sterk, styf vas.

Wink: Teken gee met die oog, hand of kop.

Spartel: Arms en bene heen en weer swaai in ’n poging om op te kom of los te kom.

**VOER die hoofstuk in die klas op.**

# Hoofstuk 14: Superheldinne het sidekicks nodig

**LEES die hoofstuk en BEANTWOORD die volgende vrae in jou werkboek:**

1. Hoeveelste plek behaal Wynand in die wedloop?
2. Hoekom dink jy is meneer Kok teleurgesteld?
3. Wat het Wynand by sy ma gekry?
4. Wat het Kolonel gekry?
5. Waar is Natalie se ma en pa nou?
6. Waar is Natalie nou?
7. Wat doen Wynand en sy ma vir pret?

**BESPREEK in die klas wat julle van die boek gedink het. Het julle daarvan gehou? Hoekom/hoekom nie?**

**SKRYF 'n nuwe laaste sin vir hierdie verhaal.**

**Skryf die volgende sinne ONTKENNEND.**

1. Almal is in die tjoekie
2. Ons hardloop om die aarde.
3. Kolonel het 'n mantel.
4. Ek het die eerste plek gewen.

**WOORDESKAT:**

Podium: Platform

Tjoekie: Tronk

Eiland: Land omring deur water.

Wete: Kennis.

**TEKEN jouself as 'n superheld-of heldin met sidekicks.**

# Antwoorde vir inhoudelike vrae

**Eienskappe van 'n boekomslag:**

1. Die vinnigste skoene in die hele wêreld.
2. Kind se eie interpretasie.
3. Kind se eie interpretasie.
4. Cecilia Steyn
5. Johann Strauss

**Hoofstuk 1:**

1. Wynand
2. Hy is die verteller.
3. Nee.
4. Wynand hou nie van Natalie nie. Soos die hoofstuktitel ook dui.
5. Hy wil vir Natalie wen.
6. Pienk met pers veters.
7. Hilda.
8. Rooi met wit veters.
9. Wynand se hond.

**Hoofstuk 2:**

1. Sy hond, Kolonel.
2. Macaroni en ansjovis.
3. Al waaraan hy dink is mooi rooi tekkies.
4. Hy klim by die venster uit en gaan sit op 'n boomtak.
5. Rooi tekkies met wit veters

**Hoofstuk 3:**

1. Die tekkies suig aan sy voete vas.
2. As die tekkies lekker styf sit, sal hy dalk vinniger hardloop.
3. Toe dit amper dag word.
4. Ja.
5. Die tekkies wil nie van sy voete afkom nie.
6. In sy rugsak.

**Hoofstuk 4:**

1. Alles is uit die kaste gepak.
2. Haar hare staan regop op haar kop asof sy haar vinger in 'n kragprop gedruk het. Bo haar wenkbrou is 'n groot skraapplek.
3. Die Mona Lisa is uit die Louvre-museum in Parys gesteel.
4. Drie verskillende soorte kitspap.
5. Omdat hy sy nuwe, vinnige tekkies by die skool gaan dra.

**Hoofstuk 5:**

1. Dit voel asof iemand aan hom pluk.
2. Drie keer.
3. Nee.
4. Bande.
5. Hy wil die tekkies gaan aantrek.

**Hoofstuk 6:**

1. Want Natalie is nie by die skool nie.
2. Clint en Zak.
3. Leerling se eie interpretasie.
4. Omdat hy haar nog nooit kon wen nie.
5. By die atletiekbaan.

**Hoofstuk 7:**

1. In Parys.
2. Hoe lyk Natalie se oë toe Wynand verby haar hardloop? Haar oë is so groot soos pierings.
3. Nee.
4. Sy voete het ŉ wil van hul eie.
5. Ja.
6. Nee.
7. Meneer Kok glimlag vir Wynand.
8. Leerling se eie interpretasie.

**Hoofstuk 8:**

1. Ja.
2. Want sy ma sê dit en hou haar hand oor haar hart.
3. By die kombuistafel.
4. Lewer.
5. Leerling se eie interpretasie.

**Hoofstuk 9:**

1. Elke aand.
2. Ja.
3. Die meubels is weggeskuif, die bank se kussings lê op die vloer en die laaikas se laaie hang oop.
4. Die medalje wat hy wil wen.
5. ŉ Tornado.

**Hoofstuk 10:**

1. Die voordeur staan oop.

2. Stemme.

3. Die Mona Lisa.

**Hoofstuk 11:**

1. Sy ma se hande is agter haar rug vasgebind.
2. Hy dink Natalie se pa is ŉ geheime agent wat sy ma kom arresteer.
3. Sy lig haar wenkbroue.
4. Die tekkies kruip soos ŉ seekat nader en suig aan haar voete vas.
5. Leerling se eie interpretasie.
6. Leerling se eie interpretasie

**Hoofstuk 12:**

1. Omdat hy elke aand tot laat in die parkie gehardloop het.
2. Soos ’n rooiworsie wat te vol geprop is en uit die skilletjie gaan bars.
3. .‘n Pikante pakkie en ’n masker.
4. Die tekkies.
5. Supersoniese, superheldintekkies.
6. Nare Nardus.
7. Natalie en haar ma.

**Hoofstuk 13:**

1. Hy vermoed sy het hom op die neus geskop.
2. Rita.
3. Ja.
4. Hulle is albei vasgebind.
5. Dan kan Wynand se ma al die kuns in die wêreld vir hulle steel.
6. Ja.
7. Sy wil hê Wynand moet die tekkies aantrek.
8. Kolonel.
9. Hy kou die tou waarmee Wynand vasgebind is los.
10. Parys.
11. Omdat die Mona Lisa op haar plek terug te sit.

**Hoofstuk 14:**

1. Derde.

2. Hy het gehoop Wynand sal wen.

3. Sy eie paar supersoniese superhero-tekkies.

1. ŉ Mantel.

2. In die tronk/tjoekie.

3. By haar ouma op ŉ eiland.

4. Hulle hardloop om die aarde.

***Dankie dat jy van hierdie gids gebruik gemaak het! Ek hoop dit het jou en jou leerlinge se horisonne verbreed en dat julle julself gate uit geniet het!***

***Beste Groete***

Cecilia Steyn